No 1315 24 April 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant **Predikant**: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za* **Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za;
Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745

Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Die eerste erediens vind plaas om 09:00 en die tweede om 10:30. Albei dienste sal gelei word deur Ds. Dirk Kotzee.

EERSTE DIENS:
LEES: Galasiërs 5: 13-26 en 1 Johannes 4:
TEKS: Gal. 5: en 1 Joh. 4:
TEMA: Vrug van die Gees: Liefde.

PREEKSKETS:

Die vrug van die Gees is liefde. Daar staan nie: die vrugte van die Gees nie, maar die vrug van die Gees. Dit is liefde. Liefde bind al die ander saam, om een vrug te vorm. Ons sal in die reeks daarop wys hoedat die liefde ’n rol speel in elke deel van die vrug. Die punt vanmore is egter: Die vrug van die Gees is liefde. Soos Johannes byvoeg, want God is liefde. Vandag maak ons ’n verdraaiing daarvan. Ons sal eerder sê: liefde is God. Dit loop op alles op selfsugtige vorme van liefde uit, soos ons in die preek sal uitwys.

Gees vervulde liefde, daarteenoor, kan uitgeken word aan drie kenmerke. Dit is liefde wat **gee** en **doen**, sonder om te vra of die persoon dit **verdien**. Hierdie kenmerke sien en verstaan ons uit die liefde wat God aan sy dissipels bewys het.

SING:
SB 14-2
SB 9-3: 1 en 2
Psalm 134:4
Psalm 93: 1 en 4
SB 9-4: 1 en 6 en SB 13-3

TWEEDE DIENS:
LEES: Eksodus 33: 12-23
TEKS: Eksodus 33: 23
TEMA: Waarom ek nie nou God van aangesig tot aangesig kan aanskou nie.

PREEKSKETS:

Hoe lyk Hy? Hoe lyk ons hemelse Vader?

Ons almal sien ons hemelse Vader in beelde wat onsself in ons koppe vorm. Sommiges sien Hom as ’n ou Vaderfiguur. Ander sê net dat Hy ’n Wese van lig is. Baie van ons stel Hom voor soos wat sommige kinderbybels Hom voorstel. Maar die feit van die saak is dat ons as mense daarvan hou om ’n gesig by ’n naam te voeg.

So was Moses se begeerte bloot 'n strewe na beter kennis van God. Hy soek direkte kontak. Maar die Here God sê: NEE! In die preek sal ons kyk na die verklaring hiervan.

SING
Psalm 105: 1 en 2
Lied 151: 2
SB 12-3: 1 en 2
SB 13-3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Emeritaatsfonds.
Volgende Sondag: Dopperdinge.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk F5 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Br Hugo Meyer en diaken Sr Sonja Meyer.
Katkisasietoesig: Vind by die Graad 4 plaas.

Gemeentesake:

Lief en Leed:

Br. Hannes van Aswegen is in ’n baie ernstige toestand in Oostvallei se kliniek.
Sr. Liz Shaw sukkel met rugprobleme.

Ons vra u voorbidding vir die lidmate en hulle families. Mag God elkeen naby wees en vertroos en versterk in die tyd van beproewing.

Diakonale Werkswinkel:

Die SDDS reël ‘n werkswinkel wat by die Gereformeerde Kerk Annlin, gehou gaan word. Dit vind plaas op Saterdag, 7 Mei 2016 en dit begin 9:00.
Onderwerpe: Aflegging en Trauma-bemoediging.

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 89 “likes”.

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

Gemeentelike aktiwiteite

Sustersake

Skinkbeurte:

Vandag ***24/04:*** Is dit die susters van wyke B1, B2, B3, C3, F2 en H2 om te help by die teeskinkbeurt.

Volgende Sondag: ***1/05:*** Geen teedrinkery nie aangesien dit langnaweek is.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Liefdadigheid:

Daar word dringend gevra vir enige oorskiet wol (of natuurlik ook SKENKINGS om wol te koop). Die wol word gebruik om truie te brei vir die kinderhuis op Reddersburg. Baie dankie aan die gemeentelede wat in die verlede reeds wol geskenk het. Kom kyk gerus in die portaal na ’n klompie truie wat reeds gebrei is.

Kontak asb vir *Sylvia Greyling* by *082 789 7717* vir verdere besonderhede.

Klub 50

Vind plaas op Vrydag 29 April om 12:00 by die konsistorie. Dit sal ‘n lekker bring en braai wees. Ons sorg vir die bykosse en elkeen Vul asb net u besonderhede in sodat ons die getalle kan kry OF indien julle kan help met die voorbereidings skakel vir Sr Anna van der Walt by 012 731 1032 of 076 467 4290.

Katkisasie

Vind plaas na afloop van die eerste erediens.

Bybelstudie

Geen bybelstudie die week (Woensdag **27/*04***) nie a.g.v. vakansiedag Vryheidsdag.

Potjiekos kompetisie:

Ons hou Potjiekos kompetisie, Woensdag die 27e April (Vryheidsdag). As jy mans genoeg is om die dominee aan te vat, kom skryf jou pot in.

INSKRYWINGS: Op die feeskommissie se kennisgewingbord kan jou naam opgegee word.

KOSTES: R150 per inskrywing. Dit sluit ’n sakkie hout in. Bykosse word ook voorsien.

As jy nie kan pot maak nie, kom geniet dan net ’n ontspanne atmosfeer saam met geloofsvriende. Etes kan gekoop word teen R50 ’n bord vir die volwassenes en R25 vir die kinders.

Koffiekroeg

Koffiekroeg vanaand, moet dit nie misloop nie. Daar is selfs Chai Latté as jy wil hê!

Tyd: 17:30
Plek: Konsistorie
Tema: Waarom moet ’n mens vergewe?

Mootkamp 2016

Jeugaksie

Ons wil graag baie dankie sê aan die ouers en kinders wat die geleentheid laas Sondag bygewoon het. Dit was vet pret. Ons is aan die beplan aan ’n opvolg aksie in die nabye toekoms.

Ons wil ook graag meedeel dat die aksies ook gereël word vir SKOOLGAANDE maar ook VOORSKOOLSE kinders. Ons hoop ons sien julle almal by die volgende aksie!

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p./kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Droogte-hulp

Die Diakonie het besluit om aan ander Diakonieë in gebiede wat tans onder die droogte gebuk gaan, hulp te verleen. As u wil deel wees van hierdie projek, is u welkom om ’n geldelike bydrae te maak. Plaas asseblief u bydrae in ’n koevert gemerk ‘Droogte hulp’ in die kollekte-sakkie.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag: 24 April

Nico Croeser (0836512088)

Maandag: 25 April

Chris du Preez (0767907590); Danielle Greyling en Mia Muller (012 361 3663)

Dinsdag: 26 April

Alexandra Els (012 346 8493)

Woensdag: 27 April

Ria Dreyer (084 549 5673)

Donderdag: 28 April

Waldo Cilliers (012 665 0361); Gerrit Grobler (082 784 1501); Cas Kruger (082 457 5909) en Lizelle Whitlock (072 607 5146)

Vrydag: 29 April

Yvonne van der Walt (012 361 6294)

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na

afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) of die dominee by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry.

Gedagte vir die week:

Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

- Johannes 15:4-5 -

Dagboek

Hierdie week: *Vandag **24/04:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***27/04:*** Vryheidsdag EN POTJIEKOSKOMPETIESIE. ***29/04:*** 12:00 Klub 50.

Week 2: *Sondag **1/05:** Een e*rediens om 09:00. Geen kategse agv. langnaweek. Ds Dirk lei die diens. ***2/05:*** Werkersdag. ***4/05:*** Oggendbybel-studie vind plaas om 09:30. ***5/05:*** Hemelvaartmet Erediens om 19:00. ***7/05:*** Diakonale Werkswinkel.

Week 3: *Sondag **8/05:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***10/05:*** Diakonie vergadering om 19:00. ***11/05:*** Ouderling vergadering om 19:00. ***12/05:*** Aandbybelstudie vind plaas om 19:00 agv ouderling vergadering op 11/05

Week 4: *Sondag **15/05:*** Erediens om 09:00. Geen Katkisasie. Tweede erediens Nabetragting om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***18/05:*** Oggendbybelstudie vind plaas om 09:30.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Lekker tuisgebak:

Bevrore hoender-/bees-/herderspastei, bobotie, lasagne en Malvapoeding. Is nou te koop tesame met die wildsvleis en pasteie.

Proe-stukkies sal vanoggend tussen die twee dienste by die teedrinkery beskikbaar wees.

Vir enige spysenieringsbehoeftes skakel ons gerus:

Rina de Villier:s 081 599 2321
Christiaan Swanepoel: 073 769 0455

Afloswerk gesoek:

Vir enige aflos admin werk op 'n daaglikse basis of net 'n ekstra hand vir 'n paar dae benodig. Skakel my gerus Rina de Villiers by 081 599 2321 of 012 731 1032 of e-pos pikkie.rina18@gmail.com

Tuingereedskap:

As daar miskien lidmate is wat na aftree oorde verhuis en nie meer tuingereedskap nodig het nie, sal ons baie graag julle tuingereedskap wil hê vir gebruik in die pastorie se tuin.

Benodig: Ysterhark vir beddings en Hark vir blare ophark, Vurk, Graaf, Pik, Randsnyer. Baie dankie aan die lidmaat wat vir ons 'n grassnyer geskenk het. Dit word tans herstel en gediens en sal met groot vreugde (en vrug !) gebruik word. Kontak Estelle 072 785 3935 of 012 993 0033.(Kantoorure)

Boekhouding en administrasie
Ek kan deeltyds help met boekhouding en administrasie werk. Kontak Carlene by 0723458O67 of stuur epos na carlene.bookkeeping@gmail.com